# Oyster Bay NEWS OesterbaaiNUUS

DESEMBER 2023

Nuusbrief van die Oesterbaai Inwonersvereniging • Newsletter of the Oyster Bay Residents












## Lekker Staproetes >>>



## Groot Planne Vir Oesterbaai!

### Inwoners sit nie stil nie!

Die Oesterbaai Inwonersvereniging het groot planne vir Oesterbaai! Ons wil verseker dat vakansiegangers hul verblyf hier geniet en daarom word verskeie plaaslike aktiwiteite beplan vir die seisoen. Ons hoop om die Oesterbaai-ervaring te verryk en uit te brei.

Verlede jaar het die Inwonersvereniging 'n kompetisie gehou waar lede van die gemeenskap naam voorstelle kon maak vir die nuwe staproete wat deur Otto Pepler en Herman Stoffberg beplan en uitgele is. Die wenner het die uiters gepaste naam: **"Oesterbaai Vleiloerie Wandelpad"** voorgestel. Bouwen Shellingerhout het met groot sorg 'n duursame bord uit Meranti hout ontwerp en laat vervaardig. Hy en sy pa, Ben het die bord opgerig. Die 40 minute staproete begin aan die onderkant van Tunastraat en spog met lieflike uitsigte van berg en see. Daar is volop inheemse plantegroei en dis 'n fees vir voëlkykers. Op die wandelpad is daar sitplekkies sodat stappers die lieflike omgewing rus-rus kan geniet.

Hierdie wandelpad is egter nie die enigste een nie. Bokkie Lombard het reeds geruime tyd 'n wandelpad uitgele wat in die teenoorgestelde rigting, na Oyster Bay Lodge se kant strek. Dit is 'n stappie wat jou plek-plek lekker gaan laat sweet. Dit is egter die moeite werd, die stapper word beloon met woud- geluide en 'n rustige waterstroom.

Daar word ook tans aan 'n groot projek beplan om die ingang van Oesterbaai en Umzamawethu te verfraai.

## Strand Opruim >>>

Na die eerste reën- en windstorms gedurende September, het Baba Rollison en haar Kougaspan ingespring en opgeruim. Honderde vullisakke het op die strand gelê toe die volgende storm voorspel is.

Die inwoners het vinnig opgetree, en met 4x4's is al die sakke van die strand af verwyder.
Dankie aan almal vir hulle bydrae.

## Nuwe Ingang

Soos onlangs gedeel op die Oesterbaai Vakansie WhatsApp groep is die planne vir 'n nuwe ingang vir Oesterbaai reeds geteken en ingehandig.

Ons wag vir goedkeuring van die munsipaliteit. Die nuwe ingang gaan 'n lus vir die oog wees!

## Nuwe Dak vir Saal

Met die gemeenskapsaal wat die afgelope paar jaar toenemend agteruit gegaan het, het die Inwonersvereniging besluit om die gebou se dak te herstel en te verf.

Die munsipaliteit is weer genader om te help en saam-saam spog die dak nou met 'n nuwe baadjie!

Die Inwonersvereniging het die fisiese arbeid verskaf deur plaaslike inwoners in diens te neem. Die span het die dak skoongemaak en geseël en toe met 'n onder- en bolaag geverf met verf wat deur die munisipaliteit voorsien is.





Lovely sunny log home with ocean and scenic views 3 Bedrooms 3 Bathr
R 1 950 000



5 bedroom house close to the beach - low maintenance
R 2 530 000

www.oesterbaaieiendomme.co.za









## Biblioteek

*Die ledegeld beloop R30 per jaar. Vakansiegangers is ook welkom om aan te sluit.*

*Die Biblioteek is van 10:00-11:00 op 'n Donderdag oop in die Gemeenskapsaal.*

*Hier is Afrikaanse en Engelse leesstof, ook kinder- en tienerboeke.*





Community >>>

# Oyster Bay Animal Welfare

In 2022 het Gerlinde Kerling begin om honde van Umzamawethu te neem om gesteriliseer te word deur 'n organisasie genaamd Spay It Forward. Spay it Forward is in 2020 begin deur Carmen Stevens en Pauline Harvey. Hierdie NPO spesialiseer in die sterilisasie van honde.

Sam Gie, 'n groot diere-liefhebber het gehoor van die verandering wat in die Oesterbaai gemeenskap plaasgevind het deur die werk van Pauline en sy het hande gevat met Gerlinde om selfs iets groters te doen. Na 'n vergadering is Oyster Bay Animal Welfare gestig. Sedertdien kom Sam een keer per maand deur om die troeteldiere in Oesterbaai en Umzamowethu te dip en te ontwurm.

Lede van die gemeenskap bring hul honde en katte na die nuwe gemeenskapskliniek (wat nog nie heeltemal klaar is nie) vir 'n deeglike was, 'n dip en 'n pil. Die kinders van die gemeenskap kry ook die geleentheid om te help en kry dan 'n sertifikaat van erkenning vir hul gemeenskapsdiens.

Siek diere word, indien nodig, na 'n veearts geneem vir behandeling.

Honde en katte word geregistreer om gesteriliseer te word (indien hulle nog nie is nie) en diere wat reeds gesteriliseer is, word ondersoek om seker te maak dat hul aan die herstel is.

Gerlinde vervoer die diere in groepe van vier na die SPCA in Humansdorp, waar hulle dan op Spay It Forward se onkoste gesteriliseer word. Oyster Bay Animal Welfare investeer ook in die lewens van kinders deur hulle te leer hoe om diere behoorlik te versorg en te behandel.

Die troeteldiere se omstandighede het sigbaar verbeter. Hierdie is weereens 'n bewys van wat kan gebeur as mense wat dieselfde passie het hande vat en saamwerk!

Om Oyster Bay Animal Welfare te ondersteun, kontak geerus vir Gerlinde by 082 410 1385

# Community Beach Cleanup



**Kouga Call Centre** for all service issues: please call 042 200 2200, press option 5 or WhatsApp 081 760 9183.
**NSRI Station 36** for emergencies: 082 990 5968
**Waste Disposal:** Waste removal is on Thursdays.
**Vuurwerke:** Vuurwerke en papierlanterns is verbode in Oesterbaai of op die strand.
**Oesterbaai Inwonersvereniging:** Alle inwoners, besoekers en vriende van Oesterbaai, agtien jaar of ouer, kan lede wees. Lidmaatskapgeld vir 2024 is nou betaalbaar.
OIV se bankrekening betaal word met naam, van en erfnommer as verwysing.
Bank: ABSA, Tak: 632 005, Rekeningnr: 405 2178 885


**www.oesterbaaieiendomme.co.za**



**Coastal-Get-Away**
5 bedroom house with 2 bathrooms, open plan kitchen and living room. Sunny house with braai area. Very close to the beach.

**Only R 1 480 000** 082 568 1759



**Spacious, Light and Sunny**
Double storey 3 bedroom, 2 bathroom house. Downstairs open plan kitchen, living and diningroom, from dining area door leads to patio with outside braai.

**Only R 1 800 000** 082 568 1759



**Seven bed Beauty**
Beautiful wooden house for sale - walk to the beach. 7 bedrooms with 3 bathrooms. Pantry - open plan kitchen and living room leading to inside braai area with sea view.
**Only R 2 880 000** 082 568 1759


## OIV Algemene Jaarvergadering

**- 22 Desember**
**- 10:00**
**- Saal**

Nominasies vir die Bestuurs-komitee van die OIV kan nou gedoen word.

Nominasievorms is by Riekie of Anita (Sekretaresse) by Marlynstr.10 beskikbaar.

Voltooide nominasievorms moet die dag voor die vergadering aan ons terugbesorg word.

## Eredienste

17 Desember 2023 Ds Tiaan
25 Desember 2023 Ds Tiaan
07 Januarie 2023 Ds Jors

## Desember Kalender

| | |
|---|---|
| 20 Kersmark | 09:00 Saal |
| 20 Mnr en Mej OB 12:00 by die Kersmark | |
| 22 OIV AGM: | 09:00 Saal |
| 25 Kersdiens | 09:00 Saal |
| 30 Oujaarsdans | |

## Nuut in Oesterbaai >>>

### Nautilus Kafee & Restaurant

Desmond en Madelein Wolmarans het verlede jaar die kafee op Oesterbaai gekoop. Hul het hard gewerk die jaar. Die kafee spog nou ook met 'n slaghuis met heerlike droe wors en biltong, asook 'n drankwinkel. Hul maak ook wegneem etes.

Die Nautilus Restaurant is oop vanaf 7 Desember en het 'n lekker afdak bygekry vir kuier terwyl die son sak.

Die Nautilus beplan ook die eerste Mnr en Mej Oesterbaai vir 2023! Inskrywings is gratis en die inskrywingsvorms is by die kafee beskikbaar.

Toegang vir die Oujaarsdans is R 100 vir volwassenes en R 80 vir kinders onder 16. Die fondse gaan vir die St Francis Hospice. Lorenzo, 'n kunstenaar uit Pretoria gaan die aand sorg vir lekker musiek. Vure en bykos sal gratis voorsien word en braai pakkies sal te koop aangebied word.

# Living Water Groei van Krag tot Krag

Living Water het 'n uitstekende naskoolprogram waar kinders in veiligheid hul huiswerk kan afhandel. Die span onder leiding van Zani Stoffberg sorg ook vir noodsaaklike lewensvaardighede wat die kinders op prettige wyse aanleer.

Die leerders wat die naskoolprogram bywoon het akademies uitstekend gevaar en plekke in die top 3 in hul onderskeie grade beklee.

Living Water sorg ook dat kinders fisies aktief is deur hul daaglikse sportprogram waar daar rugby en sokker gespeel word, gehardloop en geoefen word.

Hierdie jaar het die kinders baie nuwe kunsvaardighede bygeleer en is hul kreatiewe vermoëns sorgsaam onder Zani se kundigheid ontwikkel.

Verder het Touching Hearts Ministries (wat die evangelie in gemeenskappe deel) Living Water elke week besoek om die kinders deur 'n video aanbieding te help om die evangelie beter te verstaan.

Op 9 Augustus het die kinders die Simbonga Natuurreservaat besoek. Die kinders het vir die eerste keer in hulle lewens kragtige leeus en 'n tier en statige kameelperde gesien. Fondse vir vervoer na Simbonga is ingesamel deur die verkoop van vetkoek.





Die kinders besoek ook in November African Dawn en maak van naderby kennis met verskeie soorte voëls en diere waar onder rooikatte, 'n lama, springbokke en 'n Nyl krokodil. Hulle het ook 'n luislang vasgehou!

Die kinders het hierdie jaar ook na hulle eie omgewing omgesien deur 'n groot opruimingsaksie van die Umzamowethu "dam" te loods. Hulle het sakke vol rommel opgetel en weggegooi. Hulle hoop om dit in die toekoms skoner te kan hou.

Indien u wil betrokke raak deur te investeer in die lewens van ons Oesterbaai kinders, kontak asb vir Zani by 082 817 8940.

Living Water is 'n NPO, geregistreerde Art 18a.

## Kliniek in Umzamawethu...

Lede uit die gemeenskap het herhaaldelik die behoefte uitgespreek vir 'n kliniek in Umzamowethu. Living Water het besluit om in te spring en werk te maak van hierdie droom. Met die huidige gesondheidstelsel wat agteruitgaan en onder geweldige druk verkeer en met die prys van vervoer na Humansdorp, het lede van Umzamowethu byna geen toegang tot goeie mediese hulp nie.

Verlede jaar September het Living Water die fondasie van die kliniek gelê. Dit is moontlik gemaak deur die skenkings van mense uit die nabye gemeenskap. Leesa Seenney ('n gekwalifiseerde plaaslike apteker en voorgeboorte spesialis) het ook haar hulp aangebied en sy sal in beheer van die kliniek staan.

Living Water beplan ook om in die toekoms van die dienste van 'n mediese dokter gebruik te maak. Die dokter sal een keer per week die kliniek besoek om te help met spesiale gevalle. Die kliniek word huidiglik geverf en meubels en mediese toerusting word by mekaar gemaak. Indien jy graag hierdie waardige projek wil ondersteun, kontak asb vir Herman Stoffberg by 082 741 2733





## Kliniek vir Almal

*Leesa Seenney ('n gekwalifiseerde plaaslike apteker en voorgeboorte spesialis) het ook haar hulp aangebied en sy sal in beheer van die kliniek staan.*



## *Walter tree uit met 'n Groot Dankie!*

Ek bedank hiermee elke Oesterbaaier vir die geleentheid wat ek gegun is om julle van diens te wees. Dit was grootliks uiters bevredigend om te poog om Oesterbaai 'n beter plek te maak. Dankie vir die vertroue in my gestel om 10 Jaar Bestuurslid te wees, waarvan 8 jaar as Voorsitter. My bedanking is genoodsaak deur persoonlike omstandighede.

Ek bedank ook die Bestuurlede wat bereid is om voort te gaan met hierdie verantwoordelikheid. Dit is 'n uitdagende en onbaatsugtige diens aan die gemeenskap. Oesterbaai het 'n Inwonersvereniging nodig. Kom ons ondersteun die Bestuur met oorgawe.


**OESTERBAAI EIENDOMME**
**PROPERTY AND ACCOMMODATION**

**Erwe te koop vanaf R 210 000**
**Skakel Elmarie gerus vir verhurings en akkommodasie 082 568 1759**





**Spacious, light & sunny house - close to the**

3 Bedrooms with bathroom, Kitchen with lots of space, scullery and pantry. Large sunny living room with sliding doors and sea view, dining room with sliding door and sea view

**Only R 2 730 000**

# Wilde Weste in Oesterbaai...


*Ons eie miniatuur dorpie in Oesterbaai! Neem vrymoedigheid om Philip Nagel te besoek vir 'n kykie in hierdie ongelooflike hand-gemaakte, wonder dorp van Wes-Blocton.*

**By Phillip Nagel** in Tunastraat Oesterbaai voel dit of dit Oktober 1905 in West Blocton Alabama, VSA is. Herfs het die blare met skakerings van perske, oranje en rooi geverf. West Blocton was bekend as die dorp met die grootste steenkoolmaatskappy in die suide.

Philip (64) is 'n man wat voortdurend op soek is na nuwe uitdagings. So het hy die groot, wye wêreld van lokomotiewe ontdek. Philip het die hele historiese dorpie van West-Blocton met sy eie hande gebou! Elke deeltjie van hierdie dorpie is spesiaal ontwerp en met die hand vervaardig.

Die strate is propvol lewe en kleur! Daar is besonderhede soos die poskantoor, 'n kroeg, 'n Joodse sinagoge, 'n Balju-kantoor en 'n skool, waar kinders rond hardloop op die skoolterrein. Oral in die dorpie groei Cahaba lelies, plante wat net in Alabama groei. Mans in oorpakke staan op torings van swart steenkool na die mynbedrywighede en kyk.

Die Mogul-lokomotief, wat die ster van die vertoning is, reis rondom die dorp in al haar heerlikheid en vervoer kooks na die plekke waar dit die nodigste is. Verder is die Cahaba-rivier, bekend as die langste, vryvloeiende rivier in Alabama presies deur Phillip vasgelê.



Neem vrymoedigheid om Philip Nagel te skakel vir ‘n 'n kykie na hierdie ongelooflike, handgemaakte wonder dorp van West-Blocton.
Kontak hom by 072 357 2348

## Oesterbaai NSRI, Stasie 36...

Hierdie was 'n jaar vol gebeurtenisse vir die NSRI, Stasie 36. Hul bied van 21-23 Apr 'n gesamentlike stasie opleidingsnaweek in Stormsrivier aan. Stasies van Jeffreysbaai, St. Francis, Stormsrivier, Eersterivier en Gariepdam het saamgekom vir 'n naweek van scenario-opleiding.

Leerling bemanningslede is prakties opgelei om optimaal in werklike noodsituasies op te tree.

Die naweek het op 'n hoë noot geëindig toe Stormsrivier se bemanning uitgeroep is. Tydens die noodsituasie het al die stasies saamgewerk om hulp te verleen. Die pasient is veilig met 'n helikopter na die naaste hospitaal geneem.

Dit is weereens 'n bewys van die onbaatsugtige opoffering van vrywilligers wat mense in nood help en bystaan en so lewens blywend verander.


**Oesterbaai NSRI** se eerste amptelike gebou is ook hierdie jaar voltooi en dit is behoorlik gevier! Stasies van regoor die land is genooi om te kom deel in die wonder en vreugde van 'n eie stasie vir ons dorpie.

Stasie 36 het ook aan NSRI se Nasionale Opedag deelgeneem, waartydens lede van die gemeenskap die geleentheid gehad het om die basis te besigtig en 'n toer van die nuwe gebou te kry.

Die bemanning was beskikbaar en het die NSRI se visie met besoekers gedeel. 'n Uiters suksesvolle Mandjie dans, waar Jan, Jan Jan opgetree het, is aangebied om fondse in te samel vir die mediese kant van die stasie.

Kontak die stasie by station36@searescue.org.za of direk vir Lodewyk by 082 5593 485 indien jy ‘n finansiele bydrae vir dit wil maak

Van ons plaaslike lede het ook bystand verleen tydens die "PE to East London" wat vanaf 5 Des plaasgevind het.




### Training at Stormsriver Mouth








**Low maintenance house** - close to the beach
5 bedroom house with 2 bathrooms with shower, bath and basin in each bathroom.
R 2 850 000

www.oesterbaaieiendomme.co.za

SKANDEER DIE QR KODE MET JOU SELFOON KAMERA INDIEN JY 'N SKENKING WIL MAAK VIR NSRI OESTERBAAI ST36

MAAK JOU VERWYSING: OYSTERBAY ST36

NATIONAL SEA RESCUE INSTITUTE